Leerskool van die liefde

Ek leer hoe om met die Jesus se hart lief te hê

1 Johannes 4: 7-19

26 Januarie 2020

Inleiding tot die jaartema:

Ons het hierdie jaar net een tema - een oorhoofse tema. Die tema gaan ons in die **eredienste** hanteer, ons gaan dit bespreek in die **kategese** en dit gaan aangespreek word in die **Bybelstudie en omgeegroepe** van ons gemeente.

Die naam van die preekreeks is: **Die leerskool van die liefde**. Tydens die preekreeks gaan ons leer hoe **om met Jesus se hart lief te hê**.

Ons gaan leer hoe om die liefde wat Jesus vir jou en my het ook uit te leef tenoor ons naaste, ons vyande, tenoor ons self, tenoor die skepping en veral teenoor God.

Dus gaan die preekreeks van 31 preke, 31 weke, opgedeel wees in 5 blokke.

- Die eerste blok, waarmee ons vandag gaan begin, leer ons hoe om lief te wees vir die **mense wat naby my is**.
- In die tweede blok gaan ons kyk hoe die liefde werk teenoor **mense wat verder van my af weg** is. Hoe moet ek lief wees vir die **buitestander, die verstoteling, die vyand.**
- In die derde blok gaan ons kyk hoe ons **vir ons self lief moet wees**. Ons weet immers dat ons nie vir ander lief kan wees indien ons onsself nie respekteer nie.
- Daarna kyk ons na hoe ons vir die **skepping** lief moet wees. Ons lewe in ’n tyd waar ons kan sien hoe die aarde kreun onder uitbuiting en liefdeloosheid.
- En laastens, aan die einde van die jaar**, gaan ons leer hoe ons vir God lief te wees**. Dit is as’t ware die hoogtepunt van ons reeks. Ons eindig daarmee omdat dit so belangrik is, maar terselfdertyd so uitdagend is om vir God lief te wee.

Ons hoop is dan, dat ons gelydelik, op ’n baie praktiese wyse**, met Jesus se liefde sal begin leef en dat ons die liefde wat Hy vir ons het, sal uitleef teenoor ieder**

en elkeen. Ons wil uiteindelik met Jesus se hart lief wees vir ons naaste, ons vyande, ons self, die skepping en vir God.

Dus vriende, gaan ons in die jaar **2020** **hoor** van die liefde, en weer **hoor** van die liefde, en nog ŉ keer **hoor** van die liefde. Dit is tog die Jesus se kerkboodskap, dit is die kerkboodskap van die Bybel, dit is tog die sentrale boodskap wat ons aan hierdie liefdelose wêreld moet uitdra.

Dit vriende is die inleiding vir hierdie preekreeks. Dit is ŉ oorsig, ŉ voorsmakie, van wat vanjaar gaan volg

Stilgebed:

Toetredelied: (staande en onaangekondig)

Vonkk 120 (Soos ŉ wildsbok): 1, 2 & 3 *(U verdien al my eer en **liefde**)*

Votum en Seëngroet: (staande)

(12) Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken. (13) En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde! (1 Kor. 13: 12-13)

Lofsang: (staande en onaangekondig)

Lied 334: 1, 2, 3 & 4 *("**God is Liefde**!" juig ons harte,)*

Opmerkings oor ons sang: (sittend)

Vriende. Gedurende die jaartema gaan ons natuurlik nie net in die preke na die liefde verwys nie. Ook in ons **gemeentesang gaan ons liedere sing wat na die liefde verwys**.

- Ons gaan liedere sing waarin ons **bely dat God lief vir ons is**, dat Hy liefde self is.
- Ons gaan ook liedere sing waarin **ons weer ons liefde vir God en ons naaste gaan belowe.**
- Ja, ons gaan ook liedere sing waaring ons **liefdeloosheid teenoor God en ons naaste gaan bely.**

Dus gaan ons **lofliedere, belydenisse en gebede** sing elk met die tema van die liefde wat sentraal staan.

Net vir die interessantheid. Ek het gaan kyk hoeveelkeer die woorde "liefde" in die liedboek staan. Die antwoord is **373** keer. Die kort , vier-letter woordjie, word afgesien van die woord "God" die meeste in die liedboek gebruik. Dit gee vir ons 'n indikasie hoe belangrik die woordjie ook in ons sang is.

Wet: (sittend)

Gemeente.

Ons luister Lukas 10: 25-28. Na die teksgedeeltes antwoord ons met die sing van Lied 235: 1 & 2

Respons: (sittend en onaangekondig)

Lied 235: 1 & 2 *(**Liefde** is die groot gebod)*

Gebed: (sittend)

Antwoord: (sittend en onaangekondig)

Vonkk 106: 1 & 2 *(Laat my ervaar dat u **liefde** my dra)*

Inleiding

1.

Gemeente, vriende.

As kind gaan ons vir die eerste keer **skool toe om te leer spel en somme te maak**. In die Laerskool leer ons ’n bietjie van **geskiedenis en die wetenskappe**. Ons leer ook van **sport, kultuur en ons leer sosiale vaardighede aan**.

Die doel van **hoërskool** is natuurlik min of meer die selfde. Alhoewel die meeste nie met my sal saamstem nie is die doel van die hoërskool om te leer.

Maak jy klaar met skool sou jy dink dat jy nou klaar geleer het. Dit is waar jy die fout maak. **Dan besef jy eintlik vir eerste keer hoe min jy in werklikheid weet**. So gebeur dat ons maar verder moet leer. Ons moet leer hoe om ’n **werk te doen**, hoe om **selfstandig te wees**, hoe om in **verhoudings** met ’n man of vrou te leef. Ons moet leer **huis opsit, kos maak, kinders groot maak**. Die dinge wat ons as volwassene moet leer is sonder end.

Ons kan eintlik maar sê dat jy van kleinsaf tot en met jou oudag in ’n leerproses verwikkeld is. Daar is elke dag iets nuuts om te leer, ’n nuwe paadjie om te loop. Dit is somtyds baie uitdagend. Ander kere is dit weer baie lekker.

2.

Met die kort inleiding in gedagte wil ek nou vir julle vra hoekom ons kerk toe gaan. Ons weet nou hoekom ons skool of universiteit toe gaan. Dit is natuurlik sodat ons kan leer en onsself kan voorberei vir die groot lewe daar buite.

Die antwoord op die vraag is nie so eenvoudig soos wat ons dink nie. Persoonlik is daar vyf redes hoekom ek kerk toe gaan.

- By die kerk vier en dank ek die Here omdat ek **met Hom is verhouding of gemeenskap kan staan** (vertikale geloofsdimensie). In hierdie verhouding kry ek hoop vir ’n liefdelose wêreld.
- Ek gaan tweedens kerk toe omdat ek saam met julle, my medegelowiges die Here kan loof en prys. Hier, in die kerk, **vier ons die gemeenskap tussen medegelowiges**. (horisontale geloofsdimensie)

- Dit is egter nie al nie. By die kerk word **die band tussen God en mens (geloof) versterk asook die band tussen medegelowiges (etiek).** Anders gestel: die hoop is dat ons geloof in God en ons verhoudinge met mekaar sal groei.
- Indien ons egter nie kennis oor God, Sy Woord as openbaring, onself en ons naaste het nie sal die kerk sinneloos vir ons wees. Dit is die vierde rede. By die kerk leer ons van God, sy Woord en hoe om verhouding met onsself en ons naaste te staan.
- Laastens, in die vyfde plek, **word ons by die kerk bemagtig**. Die gedagte is dat ons nie hier sit en ontvang nie. Hier moet ons deur die Woorde en die Gees verander word sodat ons die boodskap na die wêreld sal uitdra. Skool is nie die einddoel nie, maar die lewe daar buite. Netso is dit met die kerk. Kerk is nie doel nie, maar om die boodskap na die wêreld te neem.

3.

Vir vandag se erediens wil ek slegs fokus op die **leerdimensie van kerkwees**. Ons sal vinnig agterkom dat die kennis wat ons opdoen vinnig oorspoel na elk van die ander dimensies van kerkwees. Kennis oor God, sy Woord, onsself en ons naaste help ons verhouding met God en ons naaste groei. Kennis van die geloof help ons om beter dissipels en gestuurdes te wees.

- Waar begin ons egter?
- Wat is die belangrikste ding om te weet, om van te leer?
- Watse stukkie inligting staan sentraal ten opsigte van ons kennis van God?
- Wat moet ons die eerste leer, en dit weer leer, oor en oor leer?
- Wat is die sentrale boodskap wat ons na die wêreld moet neem?

Vir my is daar net een ding wat ons moet leer, net een feit wat weer bevestig moet word, wat ons moet uitdra na die wêreld en dit is die LIEFDE. Die liefde wat God vir jou en my het staan sentraal.

Daarom sal ons nie ŉ fout maak indien ons die **kerk die LEERSKOOL VAN DIE LIEFDE noem nie.** Die kerk, as bruid van Jesus**, se sentrale taak is om die wêreld van God se liefde te leer.**

1 Johannes 4 7:19 is sekerlik die een teksgedeelte wat ons die beste van die liefde leer. Ons gaan die teks lees en net vinnig ŉ paar opsommende opmerkings maak oor die liefde ter voorbereiding van vanjaar se jaartema. Kom ons lees die teksgedeelte saam.

Teksgedeelte: 1 Johannes 4: 7-19

Prediking:

4.

Wat leer jy van die liefde aan die hand van die teks?

Die belangrikste ding wat in die teks vir my uitstaan is die wyse hoe God beskryf is. God word nie vir ons geskets as ŉ **wraaksugtige God wat slegs oordeel en straf nie.** Nee, God word by uitstek geskets as ŉ **liefdevolle God**. Nog meer, die teks gaan verder om te sê dat God liefde is. **God is liefde.**

Vir my persoonlik is dit sekerlik die belaglikste ding wat ek vanuit die Woord, by die kerk, behoort te leer. Die boodskap dat God liefde is, moet elke dag in ons geloof en vertand bevestig word. Die kerk se sentrale boodskap moet wees dat God liefde is en dit is die belaglikste boodskap wat ons na die wêreld moet dra.

Hoe kan ons seker wees dat God lief vir ons is, dat Hy liefde is?

Die bewys van God se liefde is die feit dat Hy **Jesus na die wêreld gestuur het**. Kyk ons na Jesus se koms na die wêreld hoef ons nie langer te twyfel in God se liefde nie. Die liefde is so groot dat Hy bereid was ons sy kosbaarste besitting vir ons te skenk. Ongeag van ons sonde, skuld en ongeloof ontvang ons liefde en genade onverdiend uit die hand van die Here.

Dit, vriende, moet ons oor en oor hoor by die leerskool van die liefde, die kerk. Ons moet dit leer en die wete moet ons harte verander.

Dan gaan die teks verder. **Omdat God liefde is, en Jesus die bewys van die liefde is kan ons mos nie anders as om mekaar lief te hê nie.** Liefde vir God en ons naaste staan mos ten opsigte van Christelike identiteit. Indien ons onsself dan aan

liefdeloosheid skuldig maak verloën ons die kern waarde van die kerk en die Woord van God.

Leef ons in liefde teenoor mekaar gebeur daar iets ongelooflik. Dan maak ons die onsigbare sigbaar. Alhoewel niemand al ooit die Here gesien het nie, **maak ons duidelik sigbaar aan die wêreld indien ons in liefde handel.**

Hoe kan ons dit weet, glo en bely? Omdat ons die **Gees** as genadegawe ontvang het. Die Gees verwek die geloof in ons harte en oortuig ons om in God te glo.

Wat is die gevolg hiervan? Noudat ons weet dat God liefde is. Noudat ons weet dat Jesus as bewys van God se liefde is. Noudat ons een met God is omdat ons met liefde teenoor ons naaste leef. Noudat ons dit alles deur die Gees glo en weet hoef ons nie meer te vrees vir die oordeel nie.

Hoekom hoef ons nie meer te vrees nie? Ons ken vir God, ons glo in Jesus, ons bely dat hy geleef en gesterf het en opgestaan het, ons lewe in liefde teenoor ons God en ons naaste en daarom hoef ons nie meer te vrees nie. Ja, waarlik gemeente, ons hoef nie meer vir God bang te wees nie.

5.

Dit, vriende, is die sentrale boodskap van **die Bybel, en per implikasie, ook van die kerk.** Die boodskap moet ons oor en oor hoor, en dit moet ons deur die Gees transformeer. **Die boodskap van liefde bepaal die kerk se aard, karakter en identiteit. Daarom kan ons met groot gemak die leerskool van die liefde noem**.

Die kerk is egter nie ons **uiteindelik doel nie**. **Die kerk moet vir die wêreld die leerskool van die liefde word**. Dit beteken dat ons verby ons uie mure, verby ons eie grense liefde sal leef. Eers wanneer ons liefde aan die wêreld bring kan ons werklik die lewende kerk van Jesus genoem word.

In die jaar wat kom gaan ons presies hoe hierdie liefde werk en hoe ons dit op ’n praktiese wyse kan uitleef teenoor ons naaste, ons vyande, teenoor onsself, teenoor die skeppinge en teenoor God.

Mag die Here ons leerlinge van die leerskool van die liefde bystaan. Amen